



# HOËRSKOOL NOORD-KAAP

**GRAAD 12**

**EKONOMIE V1**

**JUNIE 2019**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## **INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:  
AFDELING A: VERPLIGTEND  
AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.  
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
5. Lees die vrae aandagtig deur.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
9. Gebruik slegs blou of swart ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 C.
- 1.1.1 Indien 'n belegging van R50m 'n stygging van R200m in nasionale inkomste tot gevolg het, is die grootte van die vermenigvuldiger gelyk aan...
- A 0,25.
  - B 50.
  - C 6,25.
  - D 4
- 1.1.2 Die nuwe ekonomiese paradigma word gebaseer op ... beleide.
- A vraag-kant
  - B aanbod-kant
  - C vraag en aanbod-kant
  - D internasionale
- 1.1.3 Die Laffer-kurwe toon die verwantskap aan tussen ... en belastingkoerse.
- A vraag
  - B armoede
  - C belastinginkomste
  - D aanbod
- 1.1.4 Lande met fundamentele betalingsbalansprobleme word gewoonlik deur die ... bygestaan.
- A Internasionale Monetêre Fonds (IMF)
  - B Federalebank
  - C Reserwebank
  - D Staat
- 1.1.5 Skaalbesparings word met ... verbind.
- A beperkte uitset
  - B massaproduksie
  - C stygings in langtermyn gemiddelde koste
  - D groter vermorsing

1.1.6 Goedere en dienste word verhandel in die ...

- A goederemark.
- B buitelandse wisselkoersmark.
- C arbeidsmark.
- D finansiële mark.

1.1.7 ... is 'n instrument van die fiskalebeleid.

- A Rentekoerse
- B Belasting
- C Opemarktransaksies
- D Kontant reserwes

1.1.8 Suid-Afrika gebruik 'n ... wisselkoersstelsel.

- A dualistiese
- B beheerde swewende
- C vaste
- D vryswewende

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Geldmark	A Voer aan dat meeste fluktuasies in die ekonomie veroorsaak word deur staatsinmenging
1.2.2 Belasting	B 'n Dokument wat verwagte inkomste en beraamde besteding uiteensit
1.2.3 Monetariste	C Waar een land goedere of dienste goedkoper as 'n ander land kan produseer
1.2.4 Endogene benadering	D 'n Organisasie wat vryhandel bevorder
1.2.5 Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)	E 'n Amptelike verbod op handel of enige ander samewerking met 'n spesifieke land
1.2.6 Begroting	F Verpligte betalings gemaak deur privaat individue of ondernemings aan die owerheidsektor
1.2.7 Absolute voordeel	G Indirekte belasting op goedere en dienste wat in die ekonomie verbruik word
1.2.8 Embargo	H Handhaaf die siening dat markte inherent onstabiel is
	I Die korttermyn en baie korttermynmark vir besparings en lenings

(8 x 1) (8)

- 1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. (Afkortings en voorbeelde word NIE aanvaar nie)
- 1.3.1 'n Ekonomie sonder 'n buitelandse sektor.
- 1.3.2 Die draaipunt waar ekonomiese aktiwiteit op sy hoogste is.
- 1.3.3 Oordrag van funksies en eienaarskap van die privaat sektor na die openbare sektor.
- 1.3.4 Vergelyking van 'n land se uitvoerpryse met sy invoerpryse deur middel van indekse.
- 1.3.5 Die koers waarteen handelsbanke geld by die Suid-Afrikaanse Reserwebank leen
- 1.3.6 Die beleid wat daarna streef om pryse te stabiliseer deur inflasie te beveg. (6 x 1) (6)
- TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE voorbeelde van insputtings in die ekonomiese kringloop model. (2 x 1) (2)

2.1.2 Watter verband bestaan daar tussen rentekoerse en kapitaalvorming? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

<b>NASIONALE INKOMSTE-TOTALE – SUID-AFRIKA</b>	
<b>OPSOMMING VAN BRUTO BINNELANDSE PRODUK (TEEN HUIDIGE PRYSE)</b>	<b>R miljoen 2016</b>
Vergoeding van werknemers	2 051 328
Netto bedryfsurplus	1 130 210
Vastekapitaalverbruik	613 605
<b>Bruto waarde toegevoeg teen faktorkoste</b>	<b>3 795 141</b>
Ander belastings op produksie	86 008
Ander subsidies op produksie	9 935
<b>Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse</b>	<b>3 871 214</b>
Belasting op produkte	484 059
Subsidies op produkte	16 415
<b>Bruto binnelandse produk teen markpryse</b>	<b>(A)?</b>

[Bron: SARB Kwartaalblad, Junie 2017]

2.2.1 Watter produksiefaktor, volgens die tabel hierbo, ontvang die grootste deel van die nasionale inkome? (1)


2.2.2 Watter metode is gebruik om die syfers hierbo te bereken? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *basiese pryse*. (2)

2.2.4 Verduidelik kortliks hoe subsidies produksie kan beïnvloed. (2)

2.2.5 Bereken die bruto binnelandse produk teen markpryse (A). Toon ALLE berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.3.1 Identifiseer die kromme in die grafiek hierbo. (1)
- 2.3.2 Teen watter belastingkoers sal die owerheid se inkomste maksimeer? (1)
- 2.3.3 Hoeveel inkomste sal die owerheid ontvang as die belastingkoers 100% is? (2)
- 2.3.4 Watter uitwerking sal 'n daling in die belastingkoers van 65% na 45% op belastinginkomste hê? (2)
- 2.3.5 Watter gevolge kan die 1%-styging in BTW op die verskillende rolspelers in die Suid-Afrikaanse ekonomie hê? (2 x 2) (4)
- 2.4 Onderskei tussen *reële* -en *geldvloei*. (2 x 4) (8)
- 2.5 Ontleed kortliks die maatreëls om 'n tekort op die betalingsbalans te verminder. (8)

**[40]**


**VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE voorbeelde van sloerende ekonomiese aanwysers. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat bepaal die grootte van die vermenigvuldiger? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

3.2.1 Identifiseer die tendenslyn in die *sakesiklus* hierbo. (1)

3.2.2 Watter letter stel 'n trog in die diagram hierbo voor? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *sakesiklus*. (2)3.2.4 Verduidelik ekonomiese aktiwiteit gedurende fase EF in die *sakesiklus*. (2)3.2.5 Hoe kan die lengte (BF) in die vooruitskating van *sakesiklusse* gebruik word? (2 x 2) (4)



3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

<p><b>BETALINGSBALANS: LOPENDE REKENING VERBETER</b></p> <p>Suid-Afrika se tekort op die lopende rekening het in die vierde kwartaal verlede jaar verklein. Dit is die eerste keer in byna ses jaar wat dit die vlak van 1,7% van die BBP bereik het.</p> <p>Die verbetering in die handelsbalans in 2016 het 'n positiewe impak op die lopende rekening gehad. Die handelsbalans het van 'n tekort van R38 miljard in 2015 tot 'n oorskot van R15 miljard in 2016 verbeter. Dit het daartoe gelei dat die betalingsbalanstekort van R166 miljard tot R78 miljard in 2016 verminder het.</p> <p style="text-align: right;">[Aangepas uit News24, Augustus 2017]</p>
---

- 3.3.1 Volgens die uittreksel hierbo, wat was die tekort in die betalingsbalans in 2016? (1)
- 3.3.2 In die uittreksel hierbo, identifiseer die term wat die verskil tussen goedere-invoere en goedere-uitvoere bereken. (1)
- 3.3.3 Beskryf kortliks die term *betalingsbalans*. (2)
- 3.3.4 Wat is die belangrikheid van die saldo op die lopende rekening? (2)
- 3.3.5 Hoe kan 'n oorskot op die betalingsbalans die Suid-Afrikaanse ekonomie positief beïnvloed? (2 x 2) (4)
- 3.4 Verduidelik kortliks die interaksie tussen *huishoudings* en die *regering* as deel van die ekonomiese kringloop-model. (2 x 4) (8)
- 3.5 Beskryf hoe die Suid-Afrikaanse Reserwebank die repokoers kan gebruik om sakesiklusse glad te stryk? (8)
- [40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

- 4.1.1 Noem TWEE faktore wat die vraag na buitelandse valuta beïnvloed. (2 x 1) (2)
- 4.1.2 Verduidelik die wisselkoersstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word. (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SAKESIKLUS NEIG AFWAARTS**

Daar is 'n standaard grap in ekonomiese kringe; dat teen die tyd dat jou sentrale bank 'n resessie aankondig jy reeds twee derdes daarin is.

Gegewe die mees onlangse data van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, toon dit dat die besigheids-groei 'n afwaartse siklus het al vir die afgelope 27 maande, daar is dus rede tot kommer.


Ekonome plaas dit in perspektief en stel die vraag - is ons op pad na 'n plaaslike JSE beermark. Hulle is van mening dat daar betroubare aanwysers is wat die toets van die tyd vir meer as 5 dekades geslaag het in die voorspelling van beermarkte.

Hier is 'n paar wat hy noem - sakesiklus resessie, stygende rentekoerse, buitelandse valuta uitvloei, uitgerekte waardasies, en aandelemark momentum. En terwyl nie al die punte afgemerks is nie, is dit steeds naby daaraan.

Bron: Aangepas uit Biz New - Stuart Lowman. Maart 24, 2017

- 4.2.1 Identifiseer EEN betroubare aanwyser wat gebruik word in die vooruitskatting van 'n beermark. (1)
- 4.2.2 Gee 'n sinoniem vir die term Sentrale Bank. (1)
- 4.2.3 Beskryf kortliks die begrip *resessie*. (2)
- 4.2.4 Wat gebeur met aandeelpryse gedurende 'n *beermark*? (2)
- 4.2.5 Waarom is ekonome bekommerd oor die afwaartse tendens in sakesiklusse? (4 x 1) (4)

4.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.3.1      Identifiseer die wisselkoersstelsel in die grafiek hierbo. (1)
- 4.3.2      Wat was die oorspronklike rand/dollar-wisselkoers voordat die vraag na VS-dollar gestyg het? (1)
- 4.3.3      Beskryf kortliks die term wisselkoers. (2)
- 4.3.4      Hoe het die stygende vraag na VS-dollar die waarde van die rand beïnvloed? (2)
- 4.3.5      Wat kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank doen om die waarde van die rand teenoor die dollar te versterk? (2 x 2) (4)
- 4.4          Onderskei tussen *endogene* en *eksogene* benaderings tot sake-siklusse. (2 x 4) (8)
- 4.5          Hoe kan *natuurlike hulpbronne* en *spesialisasie* tot internasionale handel bydra? (8)

[40]

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE TOEKENNING
<b>Inleiding</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n Goeie begin is om die sleutel konsep wat in die vraag voorkom te definieer of om te omskryf.</li> <li>Gee addisionele inligting om die onderwerp te ondersteun.</li> <li>Moenie in die inleiding enige deel van die vraag insluit nie.</li> <li>Moenie enige gedeelte van die inleiding in die liggaam bespreek nie.</li> <li>Vermyn om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek.</li> </ul>	Maks. 2
<b>Liggaam:</b>  <b>Hoofgedeelte:</b> Bespreek in detail / In diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Assesseer / Debateer  <b>Addisionele gedeelte:</b> Gee eie opinie / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Trek 'n grafiek en verduidelik / Gebruik 'n grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Bepaal / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Vertolk / Debateer kortliks	Maks. 26  Maks. 10
<b>Gevolgtrekking</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die gevolgtrekking is 'n samevatting van die onderwerp wat bespreek is in die liggaam en moet as 'n HOË-ORDE respons gesien word.</li> <li>Die gevolgtrekking kan die vorm van 'n eie opinie, voorbeelde, argumente om die bespreking van die onderwerp in die liggaam te ondersteun of teen te staan.</li> <li>Geen aspek van beide die inleiding en liggaam moet in die gevolgtrekking herhaal word nie.</li> </ul>	Maks. 2
<b>TOTAAL</b>	<b>40</b>

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek enige VYF probleme van publieke sektorvoorsiening in Suid-Afrika volledig. (26 punte)
- Hoe kan die onregverdige verdeling van inkomste in Suid-Afrika opgelos word? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek uitvoerbevordering as deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid onder die volgende opskrifte:
  - Redes (8)
  - Metodes (8)
  - Nadele (10) (26 punte)
- Hoe kan vryhandel bydra tot globalisering? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL: 150**

